Tuisprogram:

'n Tuisprogram is 'n program waarin vroue in die gemeenskap opgelei word om terwyl hulle bedags na hulle eie kinders omsien, ook opvoedkundige programme te volg wat die kinders sal stimuleer en gereed maak vir skool. Hierdie mammas word aangemoedig om 'n groepie kinders uit die omgewing na haar huis te nooi wat dan nie net in 'n veilige omgewing kan speel nie, maar ook blootgestel word aan 'n gestruktureerde dagprogram.

Hierdie tipe program het verskeie voordele: dit is goedkoop, duur infrastruktuur is nie nodig nie, die kinders bly in hulle natuurlike omgewing en die kinders geniet die voordeel van 'n gestruktureerde ontwikkelingsprogram.

Die vroue word deur 'n fasiliteerder soos 'n afgetrede onderwyseres, of net 'n ywerige lidmaat, opgelei om 'n "toolkit" te kan gebruik. Hierdie "toolkit" bevat al die apparatuur vir die lesaanbiedinge van elke dag. Die mamma word ook voorsien van 'n daaglikse maklik *volgbare lesplan* wat so saamgestel is dat daar in die ontwikkelingsbehoeftes van die kindjie voorsien kan word.

Die ideaal is dat lidmate en vroue wat by hierdie program betrokke is die *toolkit* saamstel vir die tuismoeder.

Dit is belangrik om te onthou dat die mammas nie betaling ontvang vir haar diens aan die kinders nie. Die mamma kan wel met die ouers ooreenkom om vir haar te betaal teen 'n prys waarby hul gesamentlik ooreenkom.

Die sukses van hierdie diens is die deurlopende betrokkenheid van 'n fasiliteerder wat toesien dat die tuismamma se uitdagings aangespreek word. Ons moet onthou dat hierdie mammas nie altyd weet hoe om kindertjies te stimuleer nie en van tyd tot tyd nodig het om leiding te ontvang.